PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette Extraordinary

6100

Wednesday, 14 January 2004

Registered at the Post Office as a Newspaper

CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)*

No. Page

Provincial Notice

4 Electoral Commission: Election Timetable 2

PROVINSIE WES-KAAP

Buitengewone Provinsiale Koerant

6100

Woensdag, 14 Januarie 2004

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

INHOUD

*(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)*

No. Bladsy

Provinsiale Kennisgewing

4 Verkiesingskommissie: Verkiesingstydrooster 2

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 4/2004 14 January 2004

ELECTORCAL COMMISSION
ELECTION TIMETABLE

The Electoral Commission hereby gives notice that it has in terms of section 11 of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000, compelled the election timetable set out below to apply to the municipal by-elections to be held on 11 February 2004 in respect of Ward 42 of the City of Cape Town Municipality as proclaimed by Provincial Notice Number 1 of 2004 as published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6097 of the Western Cape Province dated 9 January 2004. A reference to ''section'' in this election timetable is a reference to that section in the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act No. 27 of 2000).

CUT-OFF TIME FOR ACT TO BE PERFORMED

An act required in terms of this Act to be performed by not later than a date in the election timetable must be performed before 17:00 on that date, unless otherwise specified.

CERTIFICATION OF THE VOTERS' ROLL

By 14 January 2004 the chief electoral officer must certify the segments of the voters' roll for the voting districts to be used in the by-elections in terms of section 6(2)(a).

NOTICE THAT LISTS OF ADDRESSES OF VOTING STATIONS ARE AVAILABLE FOR INSPECTION

By 14 January 2004 the chief electoral officer must give notice that copies of a list of voting stations and their addresses will be available for inspection at the office of the Commission's local representative in terms of section 19(5).

NOTICE OF ROUTE OF MOBILE VOTING STATIONS

If the Commission decides to use mobile voting stations in the by-elections, the Commission must by 14 January 2004 give notice of the route, including the locations and estimated times of stopping of each mobile voting station in terms of section 22(1).

CUT-OFF DATE FOR NOMINATION OF WARD CANDIDATES TO CONTEST AN ELECTION

By not later than 28 January 2004 at 17:00, the nomination of a person to context the by-election in a municipality as a ward candidate, must be submitted to the Commission's local representative on a prescribed form and in the prescribed manner in terms of section 17(1).

CUT-OFF DATE FOR COMPILATION AND CERTIFICATION OF WARD CANDIDATE LISTS

By 29 January 2004 the Commission must compile for each ward a list of ward candidates, certify those lists for that by-election, and keep copies of the lists available at the office of the Commission's local representative in terms of section 18(1).

CUT-OFF DATE FOR ISSUING CERTIFICATES

By 30 January 2004 the Commission must issue to each ward candidate contesting the by-election, a prescribed certificate in terms of section 18(1)(d).

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 4/2004 14 Januarie 2004

VERKIESINGSKOMMISSIE
VERKIESINGSTYDROOSTER

Die Verkiesingskommissie gee hierby kennis dat hy die verkiesingstydrooster hieronder uiteengesit ingevolge artikel 11 van die Plaaslike Regering: Munisipale Kieswet, vir die tussenverkiesings wat gehou word op 11 Februarie 2004 ten opsigte van Wyk 42 van Stad Kaapstad Munisipaliteit soos uitgeroep deur Provinsiale Kennisgewing Nommer 1 van 2004 gepubliseer in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap Nr. 6097 op 9 Januarie 2004, bepaal het. 'n Verwysing in hierdie verkiesingstydrooster na ''artikel'' is 'n verwysing na daardie artikel in die Plaaslike Regering: Munisipale Kieswet, 2000 (Wet Nr. 27 van 2000).

SPERTYD VIR UITVOERING VAN HANDELING

'n Handeling wat ingevolge hierdie Wet verrig moet word teen nie later as 'n datum in die verkiesingstydrooster vermeld, moet voor 17:00 op daardie datum verrig word.

SERTIFISERING VAN DIE KIESERSLYS

Teen 14 Januarie 2004 moet die hoofverkiesingsbeampte die segmente van die kieserslys vir die stemdistrikte wat in die tussenverkiesing gebruik sal word in terme van artikel 6(2)(a) sertifiseer.

KENNISGEWING DAT ADRESLYS VAN STEMLOKALE TER INSAE BESKIKBAAR IS

Teen 14 Januarie 2004 moet die hoofverkiesingsbeampte kennis gee dat afskrifte van 'n lys van alle stemlokale en hul addresse ter insae beskikbaar sal wees by die kantoor van die Kommissie se plaaslike verteenwoordiger in terme van artikel 19(5).

KENNISGEWING VAN ROETE VAN MOBIELE STEMLOKALE

Indien die Kommissie besluit om van mobiele stemlokale in die tussenverkiesing gebruik te maak, moet die Kommissie teen 14 Januarie 2004 kennis gee van die roete, insluitende die bestemming en beoogde stop tye, van elke mobiele stemlokaal in terme van artikel 22(1).

SPERDATUM VAN NOMINASIE VAN WYKSKANDIDATE WAT AAN VERKIESING DEELNEEM

Teen nie later as 28 Januarie 2004, moet die nominasie van 'n persoon wat as 'n wykskandidaat aan die tussenverkiesing van die munisipaliteit wil deelneem aan die Kommissie se plaaslike verteenwoordiger op 'n voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse in terme van artikel 17(1) voorgelê word.

SPERDATUM VIR DIE SAMESTELLING EN SERTIFISERING VAN WYKSKANDIDAATLYSTE

Teen 29 Januarie 2004 moet die Kommissie vir elke wyk 'n lys van wykskandidate opstel, daardie lyste vir die tussenverkiesing sertifiseer, en afskrifte van die lyste by die kantoor van die Kommissie se plaaslike verteenwoordiger in terme van artikel 18(1) ter insae beskikbaar stel.

SPERDATUM VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE

Teen 30 Januarie 2004 moet die Kommissie aan elke wykskandidaat wat aan die tussenverkiesing deelneem 'n voorgeskrewe sertifikaat in terme van artikel 18(1)(d) uitreik.

Printed by Creda Communications